KRUISKERK.CO.ZA
Gespreksgemeente sonder grense
info@kruiskerk.co.za

*Steek gerus 'n kers aan terwyl jy lees en aanbid.*

**Skriflesing :** Matteus 14 : 13-21
**Tema :** Brood en visse in 'n tyd van Oorvloed en gebrek. Of 'n metafoor van 'n ander soort gebrek? Hoe help die filosoof Baruch Spinoza ons om daaroor te dink?

## BROODJIES VIR DIE PAD

"We must learn to regard people less in the light of what they do or omit to do, and more in the light of what they suffer."
— Dietrich Bonhoeffer, Letters and Papers from Prison

The holy word of God is on everyone's lips...but...we see almost everyone presenting their own versions of God's word, with the sole purpose of using religion as a pretext for making others think as they do.-Baruch Spinoza-

"If you can't feed a hundred people, feed just one."
— Mother Teresa

If you want the present to be different from the past, study the past.
-Baruch Spinoza-

"Each year the US population spends more money on diets than the amount needed to feed all the hungry people in the rest of the world."
— Yuval Noah Harari, Sapiens: A Brief History of Humankind

I have made a ceaseless effort not to ridicule, not to bewail, not to scorn human actions, but to understand them
-Baruch Spinoza-

"The Bushmen in the Kalahari Desert talk about the two "hungers". There is the Great Hunger and there is the Little Hunger. The Little Hunger wants food for the belly; but the Great Hunger, the greatest hunger of all, is the hunger for meaning...
There is ultimately only one thing that makes human beings deeply and profoundly bitter, and that is to have thrust upon them a life without meaning.
There is nothing wrong in searching for happiness. But of far more comfort to the soul is something greater than happiness or unhappiness, and that is meaning. Because meaning transfigures all. Once what you are doing has for you meaning, it is irrelevant whether you're happy or unhappy. You are content - you are not alone in your Spirit - you belong."
— Laurens van der Post

No matter how thin you slice it, there will always be two sides.
-Baruch Spinoza-

"If there is anything more heart-breaking than a body perishing for lack of bread, it is a soul which is dying from hunger for the light."
— Victor Hugo, Les Misérables

Be not astonished at new ideas; for it is well known to you that a thing does not therefore cease to be true because it is not accepted by many.
-Baruch Spinoza-

"Pessimism is not in being tired of evil but in being tired of good. Despair does not lie in being weary of suffering, but in being weary of joy. It is when for some reason or other good things in a society no longer work that the society begins to decline; when its food does not feed, when its cures do not cure, when its blessings refuse to bless."
— G.K. Chesterton, The Everlasting Man

The endeavor to understand is the first and only basis of virtue.
-Baruch Spinoza-

Poverty
IN A SENSE WE are all hungry and in need, but most of us don't recognize it. With plenty to eat in the deepfreeze, with a roof over our heads and a car in the garage, we assume that the empty feeling inside must be just a case of the blues that can be cured by a weekend in the country or an extra martini at lunch or the purchase of a color TV.
The poor, on the other hand, are under no such delusion. When Jesus says, "Come unto me all ye who labor and are heavy laden, and I will give you rest" (Matthew 11:28), the poor stand a better chance than most of knowing what he's talking about and knowing that he's talking to them. In desperation they may even be willing to consider the possibility of accepting

his offer. This is perhaps why Jesus on several occasions called them peculiarly blessed.
-Frederick Buechner-

“People tend to be generous when sharing their nonsense, fear, and ignorance. And while they seem quite eager to feed you their negativity, please remember that sometimes the diet we need to be on is a spiritual and emotional one. Be cautious with what you feed your mind and soul. Fuel yourself with positivity and let that fuel propel you into positive action.”
— Steve Maraboli, Unapologetically You: Reflections on Life and the Human Experience

“for there is nothing heavier than compassion. Not even one's own pain weighs so heavy as the pain one feels with someone, for someone, a pain intensified by the imagination and prolonged by a hundred echoes.”
— Milan Kundera, The Unbearable Lightness of Being

“Spirituality emerged as a fundamental guidepost in Wholeheartedness. Not religiosity but the deeply held belief that we are inextricably connected to one another by a force greater than ourselves--a force grounded in love and compassion. For some of us that's God, for others it's nature, art, or even human soulfulness. I believe that owning our worthiness is the act of acknowledging that we are sacred. Perhaps embracing vulnerability and overcoming numbing is ultimately about the care and feeding of our spirits.”
— Brené Brown, Daring Greatly: How the Courage to Be Vulnerable Transforms the Way We Live, Love, Parent, and Lead

**Met verwysing na Baruch Spinoza :**

*Carlisle’s project also involves exploring Spinoza’s relationship with Christianity, providing arguments for “locating the Ethics within the Latinate lineage of Christian thought” (14). It is strange to me that there hasn’t been more interest among scholars on the Christian influences on Spinoza, who after all consistently refers to Jesus not by name, as he easily could have, but as “Christus”—the Christ. This is not to say that Spinoza was a Christian. Nor is it to downplay the importance of the Jewish tradition in which he was raised—an influence that has been thoroughly studied. It is only to note that his writings are shot through with undeniably Christian themes, and Carlisle is one of few scholars unwilling to ignore them or explain them away.- https://ndpr.nd.edu/reviews/spinozas-religion-a-new-reading-of-the-ethics/-*

**Wilhelm Jordaan: Liefde en goeie bedoelings is nie opvoeding**

Gehoorsaamheidsafrigting is iets wat ’n mens met jou troeteldiere doen of laat doen deur iemand wat weet hoe. Die resultaat is gehoorsame troeteldiere wat hul eienaars groot vreugde kan gee. Kom sommige ouers se opvoeding van hul kinders nie ook maar neer op ’n soort “afrigting” nie?

Die meeste ouers sal protesteer en sê hul bedoeling met opvoeding is om hul kinders liefdevol en sorgsaam te vertroetel; hulle te laat voel hulle is tuis en welkom in die warmte van die gesinskring. Kinders moet leer om gehoorsaam te wees en moet dit ook kan oordra na die lewe buite die gesin. Klink alles edel, fraai en opreg.

Die kinders is, op die oog af, gehoorsaam, goed en soet.

Daar is wel subtiele vorms van “afrigting” en dít het veel met ouerskapstyl te doen, soos dié van die bevelvoerende admiraal: Pa of Ma, of albei, glo kinders is op ’n gevaarlike seevaart. Die voldoende rantsoen vir die vaart is liefde en goeie versorging, gedra deur bevele, opdragte, straf en waarskuwings wat gehoorsaamheid afdwing.

En belonings vir gehoorsaamheid. Dit laat kinders voel hul gevoelens is verkeerd of ontoepaslik; dat hul ware gevoelens vermom of verswyg moet word, want Pa en Ma wil net dié gedrag sien en gevoelens hoor wat húlle onbekommerd oor hul soet kinders laat voel.
Daar is ook die ouer as ’n onbillike aanklaer, wat opvoeding verwar met “klagstate”, verhore en vonnisse sonder om ooit na getuienis ter versagting te luister. Wie só grootword, ken nie die betekenis van tuis wees nie. Inteendeel, die lewe is eintlik hard, genadeloos en ongenaakbaar. En jy leer om aan te val voordat jý aangeval word.

Deur die styl van die manipulerende sedepreker word ouers se omgang met die kind oorheers deur selfbejammerende sinspelings oor al die dinge waarmee die kinders die ouerhart so seermaak. Die ouers se tevredenheid met “ons soet en gehoorsame kinders” is belangriker as die ontwikkeling van die kind se morele begrip.

Watter kind wat konsekwent skuldig moet voel en skaam gemaak word, kan werklik tuis en welkom voel? Jy beleef algaande angs en leer nooit om “nee” te sê vir veiligheid, orde, konformering en dans na ander se pype nie. Juis dié soort “ongehoorsaamheid”, as ’n vorm van protes, is noodsaaklike lewensvorming.
Dan is daar die ouer as die onverbeterlike beterweter wie se kennis, insigte en ervaring voorgehou word as die enigste en onfeilbare kompas by elke kruispad in die kind se lewe. Ouers het gewoonlik meer begrip as

hul kinders, maar ’n kind se wordende onafhanklikheid word ondermyn deur (ontydige) ouerlike alkundigheid. Natuurlik fouteer alle ouers met hul ouerskapstyl – soms uit radeloosheid, soms uit onkunde.

Hoe ook al, ouers moet begryp ouerliefde en die sentiment van goeie bedoelings is nie op sigself opvoeding nie. Wat van vroeg moet gebeur, is die moeilike ding van tyd afstaan vir herhalende gesprekke waarin kinders gesien én gehoor word.

• Jordaan is ’n emeritus professor in sielkunde. Die mening van skrywers is hul eie en weerspieël nie noodwendig dié van Netwerk24 nie.

---

**BROOD VIR DIE PAD**

**Geestelike waardes: Wat het wyn en die waarheid met mekaar te make?**

Een van die mees omvattende en gesaghebbende naslaangidse wat op godsdiens fokus, is die Duitse Religion in Geschichte und Gegenwart (of RGG; wat ook in Engels as Religion Past and Present uitgegee is). Aan die vierde uitgawe van RGG, wat van 1998 tot 2007 in nege bande verskyn het, het 4 000 skrywers van 74 lande meegewerk.

Onlangs lees ek – met die oog op ’n kursus oor die nagmaal, asook vanweë ’n belangstelling in wynproe – die inskrywing oor “wyn” in dié ensiklopedie. En dit bied interessante leesstof. Die artikel begin met ’n gedeelte wat kennis van argeologiese gegewens en godsdiens-studies aanbied, gevolg deur ’n bondige stuk oor wyn in die Bybel. Die derde gedeelte (deur Günter Figal) bied ’n filosofiese perspektief, beginnende met die stelling dat filosofie ’n nugter verhouding met wyn het.

Waarop ’n bespreking volg wat verwysings insluit na Plato se Die simposium (of Die drinkparty) en die geheelonthouer Nietzsche se Die geboorte van tragedie (1872). En die skrywer vra ook, deels tong-in-die-kies, dat ons meer grondig moet besin oor die verband tussen wat ons dink en wat ons drink.

Waar die waarheid ontspring, skryf Jüngel, onderbreek dit ons bestaan op ’n wyse wat die ruimte skep dat ons onsself as’t ware van buite op ’n anderste manier kan beskou.

Die vierde en laaste afdeling van die inskrywing oor wyn is deur die Duitse teoloog Eberhard Jüngel (1934-2021), met as opskrif “Wyn en waarheid”. Jüngel begin deur te vra: Wat het die waarheid met wyn te make? Wat het wyn met die waarheid gemeen? Waarop hy dan antwoord dat wyn en die waarheid albei ons alledaagse realiteit onderbreek.

Waar die waarheid ontspring, skryf Jüngel, onderbreek dit ons bestaan op ’n wyse wat die ruimte skep dat ons onsself as’t ware van buite op ’n anderste manier kan beskou. Wat weer vir ons anders kan laat kyk en leef. En ons weet dat wyn eweneens ’n onderbreking in die daaglikse lewe meebring (wat negatief of positief kan wees).
Dit is hierdie gedeelde vermoë van wyn en waarheid om die werklikheid te onderbreek wat ook uitdrukking vind in die bekende gesegde wat aan Plinius die Ouere toegeskryf word: In vino veritas (“In wyn is daar waarheid”). Wyn het die vermoë om dinge wat verborge is na die oppervlak te bring.

Vir Jüngel vorm wyn en waarheid dan ook ’n soort tweeling; wyn verslap inhibisies; die waarheid maak vry.

Dit is verder betekenisvol dat een van Jüngel se preekbundels Onderbrekings heet. Wat iets daarvan weergee dat ook die verkondiging van die evangelie, soos die viering van die nagmaal, ons gewone lewe kan onderbreek om onsself en ons wêreld meer juis te beskou – meer krities dalk, maar ook meer gunstig. – RRV

*wynandgnel@outlook.com 082 901 5877*